

## **Privaatheidsbeleid**

Illingworth Research Group Limited is deur die borg van die kliniese proef/hul genomineerde derde party versoek om die reis en akkommodasie, en/of uitgawes verbonde aan u kliniese proef (kliniese proef) te fasiliteer. Om dit te kan doen, moet ons u persoonlike inligting insamel, stoor en deel, wat van ons die "dataverwerker" maak. Dit beteken dat ons persoonlike data aangaande u kan hou en gebruik.

Hierdie beleid verduidelik hoe ons u persoonlike inligting insamel en gebruik om die reis-, akkommodasie- en uitgawe-vergoedingsdiens (ook bekend as PatientGO) in ooreenstemming met die algemene databeskeringsregulasie (GDPR) en databeskeringswetgewing te fasiliteer. Hierdie beleid is slegs van toepassing op deelnemers wat van die diens gebruik gaan maak. Die persoonlike data wat aan ons verskaf word tydens u gebruik van die app is afsonderlik en onafhanklik van die kliniese proefdata, soos uiteengesit in u toestemmingsdokumentasie, ten opsigte van die kliniese proefborg/hul genomineerde derde party.

Lees asseblief die volgende aandagtig deur om ons praktyke te verstaan aangaande u persoonlike data en hoe ons dit ten opsigte van die app gaan gebruik, asook u gebruik van die diens.

### **Toestemming vir die app se installering**

Onder databeskeringswette word ons verplig om sekere inligting aan u te verskaf oor wie ons is, hoe ons u persoonlike data verwerk en om watter redes, en ook inligting oor u regte ten opsigte van u persoonlike data.

Deur die app te installeer, dui u aan dat u toestemming gee dat ons u persoonlike en spesiale kategoriedata (soos u naam, kontakbesonderhede, paspoortbesonderhede, finansiële- en mediese inligting byvoorbeeld) verwerk soos dit in hierdie beleid beskryf word.

### **Hoe om u toestemming terug te trek**

U kan te enige tyd van plan verander en u toestemming terugtrek deur ons by [PatientGO@illingworthresearch.com](mailto:PatientGO@illingworthresearch.com) te kontak. Dit sal egter nie die regsgeldigheid beïnvloed van enige verwerking wat plaasgevind het voordat u u toestemming teruggetrek het nie. Let asseblief daarop dat die terugtrekking van u toestemming ons vermoë kan beïnvloed om enige versoeke uit te voer wat u binne die app gemaak het, soos byvoorbeeld vergoeding van uitgawes.

## Inleiding

Hierdie beleid (tesame met ons eindgebruikerslisensie-ooreenkoms, soos uiteengesit by <https://illingworthresearch.com/patientgo-terms> (EGLO) en enige ekstra gebruiksvoorwaardes wat deur verwysing in die EGLO geïnkorporeer is, saam met ons gebruiksvoorwaardes) is van toepassing op u gebruik van:

- PatientGO Weergawe 1- mobiele appsagteware (app) beskikbaar op Google Play sowel as die Apple Store. Sodra u 'n kopie van die app op u selfoon of draagbare toestel (toestel) afgelaai of gestroom het.
- Die PatientGO-diens wat toeganklik is via die app (dienste) wat op die appwebwerf of op van ons ander webwerwe (dienstewebwerwe) beskikbaar is. Hierdie beleid sit die grondslag uiteen waarop ons enige persoonlike data (insluitend spesialekategoriedata) wat ons van u insamel of wat u aan ons verskaf, gaan verwerk.
- Hierdie app is nie bedoel vir gebruik deur kinders nie ('n "kind" is enigiemand onder die ouderdom van 18) en, waar die deelnemer aan die kliniese proef 'n kind is wat die app en diens wil gebruik, word die app beskikbaar gestel en die diens verskaf slegs wanneer die persoon wat oerlike verantwoordelikheid teenoor die kind het, die appgebruiker is. Lees asseblief die volgende aandagtig deur om ons praktyke aangaande u persoonlike data (insluitend spesialekategoriedata) te verstaan en hoe ons dit sal hanteer.

## Belangrike inligting en wie ons is

Illingworth Research Group Limited is die kontroleerder en is vir u persoonlike data verantwoordelik (gesamentlik na verwys as "Illingworth" of "ons" in hierdie beleid).

Indien u enige vrae oor hierdie privaatheidsbeleid het, kontak ons asseblief deur die onderstaande besonderhede te gebruik.

## Kontakbesonderhede

Ons volledige besonderhede is:

- Volle naam van regsenteit: Illingworth Research Group Limited
- E-posadres: [PatientGO@illingworthresearch.com](mailto:PatientGO@illingworthresearch.com)
- Posadres: Suite 5, Silk House, Park Green, Macclesfield, Cheshire, SK11 7QJ, United Kingdom

U het die reg om te enige tyd 'n klag in te dien by die Inligtingskommissaris se kantoor (ICO), die VK se toesighoudende owerheid vir databeskeringsprobleme of ander bekwame toesighoudende owerheid van 'n EU-lidstaat as die app buite die VK afgelaai is.

## Veranderings aan die privaatheidsbeleid en u plig om ons van veranderings in kennis te stel

Ons privaatheidsbeleid word gereeld hersien. Hierdie weergawe is laas op 23 Junie 2020 bygewerk.

Ons behou die reg voor om hierdie privaatheidsbeleid te enige tyd, sonder vooraf kennisgewing, by te werk. Ons moedig u aan om die privaatheidsbeleid gereeld vir enige veranderings na te gaan.

Dis belangrik dat die persoonlike en spesialekategoriedata wat ons oor u het, akkuraat en op datum is. Stel ons asseblief in kennis as daar tydens ons verhouding met u enige veranderings is.

## Die data wat ons oor u insamel

Ons kan soos volg verskillende soorte persoonlike data oor u insamel, gebruik, stoor en oordra:

- Identiteitsdata.
- Kontakdata.
- Finansiële data.
- Transaksiedata.
- Toesteldata.
- Inhoudsdata.
- Profieldata.
- Gebruiksdata.
- Spesialekategoriedata.

## Spesialekategoriedata

Ons versamel spesiale kategorieë van persoonlike data oor u (dit kan besonderhede oor u ras of etnisiteit, godsdienstige of filosofiese oortuigings en inligting oor u gesondheid insluit). Ons sal slegs spesialekategoriedata insamel en verwerk wanneer dit spesifiek benodig word om enige versoek uit te voer wat u binne die app maak, soos reis- of akkommodasieversoeke.

## Hoe word u persoonlike data ingesamel?

Ons sal die volgende data oor u insamel en verwerk:

- **Inligting wat u aan ons verskaf.** Dit is inligting (insluitend identiteits-, kontak- en finansiële data) oor u wat u instem om aan ons te verskaf deur vorms op die appwebwerf en die dienstewebwerwe (gesamentlik ons webwerwe) in te vul, of deur middel van korrespondensie met ons (byvoorbeeld, deur e-pos of klets). Dit sluit inligting in wat u verskaf wanneer u vir gebruik van die appwebwerf registreer, 'n app aflaai of registreer, vir ons diens inskryf, vir 'n app of diens soek, en wanneer u die app gebruik vir die fasilitering van reis- en akkommodasieversoeke, vergoeding van uitgawes, of aanmelding van 'n probleem met die app, ons dienste of enige van ons webwerwe. Wanneer u ons kontak, hou ons 'n rekord van daardie korrespondensie.
- **Inligting wat ons oor u en u toestel insamel.** Elke keer wat u een van ons webwerwe besoek of een van ons apps gebruik, samel ons outomaties persoonlike data in, insluitend toestel-, inhoud- en gebruiksdata. Ons samel hierdie data in met behulp van webkoekies en ander soortgelyke tegnologieë.
- **Inligting wat ons ontvang vanaf ander bronne, insluitend derde partye en publiek-beskikbare hulpbronne.** Ons sal persoonlike data oor u vanaf verskillende derde partye ontvang, soos hier onder uiteengesit:
  - Identiteits- en kontakdata vanaf die proefborg of hul genomineerde derde party wat binne **OF** buite die EU gestasioneer mag wees.

## **Webkoekies**

Ons gebruik webkoekies en/of ander volgingstegnologieë om u van ander gebruikers van die app, appwebwerf, die verspreidingsplatform (appwinkel) of dienstewebwerwe te onderskei en om u voorkeure te onthou. Dit help ons om aan u 'n goeie ervaring te bied wanneer u die app gebruik of op enige van ons webwerwe rondblaai. Dit stel ons ook in staat om die app en ons webwerwe te verbeter. Vir gedetailleerde inligting oor die webkoekies wat ons gebruik, die doeleindes waarvoor ons dit gebruik en hoe u keuses kan uitoefen aangaande ons gebruik van u webkoekies, stuur 'n e-pos aan [PatientGO@illingworthresearch.com](mailto:PatientGO@illingworthresearch.com)

## **Hoe ons u persoonlike en spesialekategoriedata gebruik**

Ons sal slegs u persoonlike data gebruik wanneer die wet ons toelaat om dit te doen. Ons sal u persoonlike data meestal onder die volgende omstandighede gebruik:

- Waar u toestemming gegee het vóór verwerking.
- Waar ons 'n kontrak moet nakom wat ons op die punt staan om met u te sluit of reeds gesluit het.
- Waar dit noodsaaklik vir ons wettige belange (of dié van 'n derde party) is en u belange en fundamentele regte oorheers nie daardie belange nie.
- Waar ons 'n regs- of regulatoriese verpligting moet nakom.

## Doeleindes waarvoor ons u persoonlike en spesialekategoriedata sal gebruik

Doeleinde/aktiwiteit	Soort data	Wettige basis vir verwerking
Om die app te installeer en u as 'n nuwe appgebruiker te registreer	Identiteit Kontak Finansieel Toestel	U toestemming Nakoming van 'n kontrak met u Noodsaaklik vir ons wettige belange (om u vir uitgawes te vergoed)
Om versoeke binne die app te verwerk en dienste te lewer, insluitend die bestuur van reis-/akkommodasieversoeke en om vergoedingsversoeke uit te voer.	Identiteit Kontak Finansieel Transaksie Toestel Ligging Spesialekategoriedata	U toestemming Nakoming van 'n kontrak met u Noodsaaklik vir ons wettige belange (om u vir uitgawes te vergoed)
Om ons verhouding met u te bestuur, insluitend om u van veranderings aan die app of enige dienste in kennis te stel	Identiteit Kontak Finansieel Profiel	U toestemming Nakoming van 'n kontrak met u Noodsaaklik vir ons wettige belange (om rekords op datum te hou en kliënte se gebruik van ons dienste te ontleed) Noodsaaklik om regsverpligtinge na te kom (om u in kennis te stel van enige veranderings aan ons voorwaardes en bepalinge)
Om ons besigheid en hierdie app te administreer en beskerm, insluitend foutopsporing, data-ontleding en stelseltoetsing	Identiteit Kontak Toestel	Noodsaaklik vir ons wettige belange (om ons besigheid te bestuur, verskaffing van administrasie- en IT-dienste, netwerkbeveiliging)

### Openbaarmaking van u persoonlike data

Wanneer u instem om u persoonlike en spesialekategoriedata aan ons te verskaf, sal ons ook u toestemming vra om u persoonlike data met die derde partye hier onder te deel vir die doeleindes wat in die tabel uiteengesit is:

- Interne derde partye, soos uiteengesit in die *Woordelys*.
- Eksterne derde partye, soos uiteengesit in die *Woordelys*.
- Derde partye aan wie ons dalk dele van ons besigheid of bates kan verkoop, oordra of mee saamsmelt. Alternatiewelik kan ons dalk probeer om met ander besighede saam te smelt of hulle te verkry. Indien daar veranderings aan ons besigheid is, kan die nuwe eienaars u persoonlike en spesialekategoriedata op dieselfde manier gebruik as wat in hierdie privaatheidsbeleid uiteengesit word.

## Internasionale oordragte

Baie van ons eksterne derde partye is buite die EEA gestasioneer. Hulle verwerking van u persoonlike data sal dus 'n oordrag van data buite die EEA behels.

Wanneer ons u persoonlike data ook al na buite die EEA oordra, verseker ons dat dit 'n soortgelyke beskermingsvlak geniet deur ten minste een van die volgende beskermingsmaatreëls te implementeer:

- Ons sal slegs u persoonlike data oordra aan lande wat deur die Europese Kommissie geag word as met 'n voldoende vlak van persoonlikedatabeskerming. Vir meer besonderhede, sien Europese Kommissie: Toereikendheid van beskerming van persoonlike data in nie-EU-lande.
- Waar ons sekere diensverskaffers gebruik, kan ons spesifieke kontrakte gebruik wat aan persoonlike data dieselfde beskerming verleen as in Europa, soos goedgekeur deur die Europese Kommissie. Vir meer besonderhede, sien Europese Kommissie: modelkontrakte vir die oordrag van persoonlike data aan derde lande.
- Waar ons verskaffers gebruik wat in die VS gestasioneer is, kan ons dalk data aan hulle oordra indien hulle deel van die Privacy Shield is wat hulle verplig om soortgelyke beskerming aan persoonlike data te verleen as wat tussen Europa en die VS is. Vir meer besonderhede, sien Europese Kommissie: EU-VS Privacy Shield.

Kontak ons asseblief indien u meer inligting verlang oor die spesifieke meganisme wat ons gebruik tydens die oordrag van u persoonlike data na buite die EEA.

## Databeveiliging

Alle inligting wat u aan ons verskaf, word op ons beveiligde bedieners gestoor. Inligting wat as "op rus" op ons beveiligde bedieners gestoor word, word deur data-enkripsie wat op industriestandaard is, beskerm. Waar ons aan u 'n wagwoord verskaf het (of waar u een gekies het) wat u toegang tot sekere gedeeltes van ons webwerwe gee, is dit u verantwoordelikheid om daardie wagwoord te beskerm. Ons versoek u om nie 'n wagwoord met enigiemand te deel nie.

Sodra ons u inligting ontvang het, gebruik ons streng prosedures en beveiligingskenmerke om te probeer voorkom dat u persoonlike data per abuis verlore raak, of dat ongemagtigde toegang of gebruik daartoe verkry word. Data wat tussen u as die gebruiker (**eindgebruiker**) en Illingworth gestuur word as deel van die diens, word met industriestandaard-enkripsiemetodes beskerm. Data wat op ons bedieners gestoor word, word met in-rus enkripsie en uiters gesofistikeerde brandmure beskerm om ongemagtigde toegang te verhoed.

Geen persoonlik-identifiseerbare data word op die eindgebruikerstoestel gestoor nie. Twee geënkripteerde tekseenhede word op die eindgebruikerstoestel gestoor om aanmelding te vergemaklik.

Ons het prosedures in plek om enige vermoedelike persoonlikedata-oortredings te hanteer en sal u en enige toepaslike reguleerder in kennis stel wanneer ons wetlik daartoe verplig word.

## Behoud van data

Volgens die wet moet ons vir finansiële-ouditdoeleindes basiese inligting oor u (insluitend kontak-, identiteits-, finansiële en transaksiedata) vir sewe jaar behou nadat u die kliniese proef voltooi het.

In sommige omstandighede kan u ons vra om u data te skrap: sien **U wettige regte** hier onder vir meer inligting.

In sommige omstandighede sal ons u persoonlike data vir navorsings- of statistiese doeleindes anonimiseer (sodat dit nie meer met u geassosieer kan word nie), in welke geval ons hierdie inligting sonder u verdere medewete onbepaald kan gebruik.

## U wettige regte

Onder sekere omstandighede het u onder databeskermingswette die volgende regte in verband met u persoonlike data.

- Versoek toegang tot u persoonlike data (algemeen bekend as 'n "data-onderwerptoevraag")
- Versoek regstelling van die persoonlike data wat ons oor u hou
- Versoek uitwissing van u persoonlike data
- Beswaar teen verwerking van u persoonlike data waar ons staatmaak op 'n wettige belang (of dié van 'n derde party) en daar is iets omtrent u spesifieke situasie wat u noop om beswaar te maak teen verwerking op grond daarvan, aangesien u voel dit tas u fundamentele regte en vryhede aan
- Versoek beperking van verwerking van u persoonlike data
- Versoek die oordrag van u persoonlike data na uself of na 'n derde party toe
- Trek toestemming te enige tyd terug waar ons toestemming benodig om u persoonlike data te verwerk

U kan enige van hierdie regte te enige tyd uitoefen deur ons te kontak by Suite 5, Silk House, Park Green, Macclesfield, Cheshire, SK11 7QJ United Kingdom OF [PatientGO@illingworthresearch.com](mailto:PatientGO@illingworthresearch.com)

## Woordelys

### Wettige basis

**Toestemming** beteken die verwerking van u persoonlike data waar u met 'n verklaring of duidelike intekening u toestemming gegee het vir die verwerking vir 'n spesifieke doel. Toestemming sal slegs geldig wees indien dit 'n vrywillige, spesifieke, ingeligte en ondubbelsinnige aanduiding van u wense is. U kan u toestemming te enige tyd terugtrek deur ons te kontak.

**EEA** beteken die Europese Ekonomiese Area.

**Wettige belang** beteken die belang van ons besigheid in die uitvoering en bestuur van ons besigheid om ons in staat te stel om aan u die beste diens/produk te lewer asook die beste en mees beveiligde ervaring. Ons maak seker dat ons enige potensiële impak op u (positief sowel as negatief) en u regte oordink en teenoor mekaar opweeg voordat ons u persoonlike data vir ons wettige belange verwerk. Ons gebruik nie u persoonlike data vir aktiwiteite waar ons belange die impak daarvan op u oorheers nie (behalwe as ons u toestemming het of andersins deur die wet daartoe verplig of toegelaat word). U kan ons kontak vir meer inligting oor hoe ons ons wettige belange assesser teenoor enige potensiële impak op u ten opsigte van spesifieke aktiwiteite.

**Nakoming van kontrak** beteken verwerking van u data waar dit noodsaaklik is vir die nakoming van 'n kontrak waarvan u 'n party is, of om op u versoek stappe te neem voordat sodanige kontrak gesluit word.

**Nakoming van 'n wettige verpligting** beteken verwerking van u persoonlike data waar dit noodsaaklik is vir nakoming van 'n wettige verpligting waaraan ons onderhewig is.

## **Derde partye**

### **Interne derde partye**

Ander maatskappye in die Illingworth-groep wat as gesamentlike kontroleerders of verwerkers optree en wat in Spanje, Frankryk, Italië, Australië en die Verenigde State van Amerika gestasioneer is, en IT- en stelseladministrasiedienste verskaf en leierskapsverslae onderneem.

### **Eksterne derde partye**

Diensverskaffers wat as verwerkers optree wat IT- en stelseladministrasiedienste verskaf.

Professionele adviseurs wat as verwerkers of gesamentlike kontroleerders optree, insluitend prokureurs, bankiers, ouditeure en versekeraars wat konsultasie-, bank-, regs-, versekerings- en rekeningkundige dienste verskaf.

Diensverskaffers wat as verwerkers optree wat reis, akkommodasie en vervoer aan u verskaf as deel van die dienste.

HM Inkomste en Doeane, reguleerders en ander owerhede wat as verwerkers of gesamentlike kontroleerders binne die VK optree wat onder sekere omstandighede verslae van verwerkingsaktiwiteite benodig.

## **U wettige regte**

U het die reg tot:

- **Versoek om toegang** tot u persoonlike data (algemeen bekend as 'n "data-onderwerptoevangsversoek"). Dit stel u in staat om 'n afskrif te kry van die persoonlike data wat ons oor u hou en om te kyk dat ons dit wettiglik verwerk.
- **Versoek om regstelling** van die persoonlike data wat ons oor u hou. Dit stel u in staat om enige onvolledige of onakkurate data wat ons oor u hou te laat regstel, alhoewel ons dalk die akkuraatheid van die nuwe data wat u aan ons verskaf, sal moet verifieer.
- **Versoek om uitwissing** van u persoonlike data. Dit stel u in staat om ons te vra om persoonlike data te skrap of te verwyder waar ons geen goeie rede meer het om met die verwerking daarvan voort te gaan nie. U het ook die reg om ons te vra om u persoonlike data te skrap of te verwyder waar u u reg tot beswaar teen verwerking (sien hier onder) suksesvol uitgeoefen het, in gevalle waar ons u inligting dalk onwettiglik verwerk het of waar ons verplig word om u persoonlike data uit te wis om aan plaaslike wetgewing te voldoen. Let asseblief daarop dat ons dalk nie altyd aan u versoek om uitwissing sal kan voldoen nie, weens spesifieke regsredes waarvan u ten tyde van u versoek in kennis gestel sal word, indien van toepassing.



- **Beswaar teen verwerking** van u persoonlike data waar ons staatmaak op 'n wettige belang (of dié van 'n derde party) en daar iets omtrent u spesifieke situasie is wat u noop om beswaar te maak teen verwerking op hierdie basis aangesien u voel dat dit u fundamentele regte en vryhede aantast. In sommige gevalle kan ons dalk demonstree dat ons oortuigende wettige gronde het om u inligting te verwerk, wat u regte en vryhede oorheers.
- **Versoek om beperking van verwerking** van u persoonlike data. Dit stel u in staat om ons te vra om die verwerking van u persoonlike data in die volgende scenarios te staak:
  - (a) as u wil hê dat ons die akkuraatheid van die data moet vasstel;
  - (b) waar ons gebruik van die data onwettig is, maar u wil nie hê ons moet dit uitwis nie;
  - (c) waar u wil hê ons moet die data behou selfs al benodig ons dit nie meer nie, aangesien u dit benodig om regseise op te stel, uit te oefen of te verdedig; of
  - (d) u het beswaar gemaak teen ons gebruik van u data, maar ons moet verifieer of ons oorheersende wettige gronde het om dit te gebruik.
- **Versoek om oordrag** van u persoonlike data na uself of na 'n derde party toe. Ons sal u persoonlike data in 'n gestruktureerde, algemeen-gebruiklike, masjienleesbare formaat aan u verskaf of aan 'n derde party wat u gekies het. Let daarop dat hierdie reg slegs van toepassing is op geoutomatiseerde inligting wat u ons aanvanklik toestemming gegee het om te gebruik, of waar ons die inligting gebruik het om 'n kontrak met u na te kom.
- **Terugtrekking van toestemming te enige tyd** waar ons toestemming benodig om u persoonlike data te verwerk. Dit sal egter nie die regsgeldigheid van enige verwerking beïnvloed wat uitgevoer is voordat u u toestemming teruggetrek het nie. Indien u u toestemming terugtrek, sal ons dalk sekere produkte of dienste nie aan u kan verskaf nie. Ons sal u daarvoor inlig as dit die geval is op die tyd wanneer u u toestemming terugtrek

### Beskrywing van kategorieë van persoonlike data

- **Identiteitsdata:** voornaam, van, nooiensvan, gebruikersnaam of soortgelyke identifiseerder, huwelikstatus, titel, geboortedatum, geslag, paspoortinligting insluitend nommer, naam, land van uitreiking en vervaldatum.
- **Kontakdata:** huisadres, e-posadres, telefoonnommers en noodkontakbesonderhede.
- **Finansiële data:** bankrekening en betalingskaartbesonderhede.
- **Transaksiedata:** sluit besonderhede oor betalings aan u en besonderhede van versoeke wat binne die app gemaak word, in.
- **Toesteldata:** sluit die soort mobiele toestel in wat u gebruik, 'n unieke toestelidentifiseerder (byvoorbeeld, u toestel se IMEI-nommer, die MAC-adres of die toestel se draadlose netwerkkoppelvlak, of die selfoonnommer wat die toestel gebruik), mobiele netwerkinligting, u mobiele bedryfstelsel, die soort mobiele blaaier wat u gebruik en inligting oor die tydsone-instelling.
- **Inhoudsdata:** sluit inligting in wat op u toestel gestoor word, insluitend foto's, video's of ander digitale inhoud;
- **Profieldata:** sluit u gebruikersnaam en wagwoord, 'n rekord van versoeke wat u binne die app gemaak het, u voorkeure en terugvoer in.

- **Gebruiksdata:** sluit besonderhede oor u gebruik van ons apps of u besoeke aan enige van ons webwerwe in, waaronder onder andere verkeersdata en ander kommunikasiedata, of dit nou benodig word vir ons eie faktureringsdoelwitte of andersins, en die hulpbronne waartoe u toegang gehad het.

### **Spesialekategoriedata**

Dit sal enige inligting insluit wat u aan ons verskaf wat spesifiek verband hou met 'n versoek wat u binne die app maak (soos 'n versoek om vervoer of akkommodasie). Dit kan ook besonderhede oor u ras of etnisiteit, godsdienstige of filosofiese oortuigings en inligting oor u gesondheid insluit.